# HOOFSTUK 6

## DIE UITEINDE VAN DIE LOURENCO MARQUES AND SOUTH AFRICAN REPUBLIC TRANSPORT SERVICE

### 6.1 DIE SEKHUKHUNE-OORLOG BEDREIG NELLMAPIUS SE VERVOERSKEMA

Die Sekhukhune-oorlog wat in Mei 1876 amptelik 'n aanvang geneem het, het 'n destruktiewe aanslag op die maatskappy gehad. In Julie 1876 berig die koerant die *Gold Fields Mercury*, dat die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* nog funksioneer, maar dat die roete onveilig vir gebruik is.[1] Oral langs die weg wat hierdie maatskappy gebruik het, het sporadiese skietery plaasgevind. Daar het onder andere 'n skermutseling by Krugerspos voorgekom. Nellmapius, Barter, Crompton en Fox het gewapen na Spitskop gery om ondersoek na die oorsaak van die skermutseling in te stel, maar was nie suksesvol nie. Toe dié geselskap by Niekerk arriveer, het hulle die plek verlate gevind. Daar was wel tekens van 'n geveg en die huis is verskeie kere getref. Die delwers wat daar was toe die aanval geloods is, het hulle eiendom net so agtergelaat en na Delagoabaai gevlug. Vier van Nellmapius se maatskappy se waens het nog daar gestaan, waarvan een gestroop was.

Daarvandaan is dié geselskap na Pretoriuskop om na van Nellmapius se eiendom en voorrade te soek. Die idee was om indien dit gevind kon word, dit na Pelgrimsrus te neem. Daar is terselfdertyd ook na Crompton en Ablett, wat transport van Lourenco Marques na die goudvelde gery het, se eiendom gesoek. Die geselskap het oral langs die pad lewende en dooie beeste gevind.[2] Die lood en 300 kanonkoeëls wat Nellmapius na Lydenburg laat vervoer het, het by Pretoriuskop gelê, maar dit kon nie verder sonder die hulp van 'n gewapende geleide vervoer word nie.[3] Nellmapius maak melding van swaar verliese wat sy maatskappy gely het. Die onveilige roete waarop Nellmapius se maatskappy verliese gely het, het veroorsaak dat hy die tariewe van sy produkte moes

---

1 *Gold Fields Mercury*, 1 Jul. 1876.
2 *Gold Fields Mercury*, 4 Jul. 1876.
3 Nasionale Argiefbewaarplek (NAB), Pretoria, SS, vol. 212, R1925/1876: brief, Nellmapius/N. Swart, 17 Jul. 1876.

verhoog. Hy het egter die belofte gemaak dat hy weer sy tariewe sou verlaag nadat al die probleme langs die roete opgelos was en die toestande weer normaal was.[4]

Toe Nellmapius en Barter in Augustus by Pretoriuskopstasie arriveer, het hulle die stasie verlate gevind. "We arrived here between 7 and 8 on Saturday evening. The place was sacked. Everything was turned upside down. There was not a soul at the station. Portmanteaus broken open, mattresses cut open and things scattered in any direction".[5]

Dat die posisie van die stasiemeesters van Nellmapius se maatskappy nou gevaarlik was, blyk duidelik uit die volgende siening van Birch, as stasiemeester: "The fate of a station master on this line (waarlangs die maatskappy van Nellmapius opereer het) seems to be out of the frying pan into the fire. No sooner is the fever over than murder comes in and although it is by their agency that the government gets its ammunition said government cannot think to guard the line.

I suppose that when all other lines are closed to the Transvaal, it will begin to think of keeping this open, but I trust before we shall be in safer quarters. I am sleeping every night on tons of government lead and in mortal fear of my life about it. I wish the stuff at the bottom of the river".[6]

Uit bogenoemde blyk dit dat die roete wat tot in daardie stadium nog deur Nellmapius oopgehou is, teen 'n geweldige risiko gedoen is. Nellmapius se maatskappy het al meer gewankel en die blankes op die stasies het in uiters gevaarlike toestande hulle werk verrig. Ook die swartes wat as draers gedien het, is langs die roete aangeval en hulle het al meer onwillig geraak om hierdie werk te verrig. Sekhukhune en sy mense het natuurlik besef dat hulle voorrade en ammunisie op 'n maklike manier kon bekom deur dit van die draers of die stasiemeesters af te neem.

---

4 *Gold Fields Mercury*, 28 Jul. 1876.
5 *Gold Fields Mercury*, 4 Aug. 1876.
6 *Gold Fields Mercury*, 18 Aug. 1876.

Barter het by Pretoriuskop 544,8 kilogram lood, 6 bondels bomme en 20 gewere gelaai en dit veilig na Pelgrimsrus geneem. Daar was nie meer ammunisie by Pretoriuskop nie en daarom is die stasie gesluit. Omdat daar egter nog baie voorraad van die regering langs die roete na Delagoabaai op pad was, het Barter drie persone by Pretoriuskop gelaat om die voorraad te ontvang. By die Krokodilrivierstasie was daar in daardie stadium nog baie voorraad, onder andere 136,2 kilogram kruit.

Barter was van mening dat die swartes wat as draers gebruik word eerder met kontant as met goedere betaal behoort te word, want dit sou aanvalle op hulle laat verminder en dan sou meer swartes gevind kon word wat bereid was om as draers op te tree. As gevolg van die strooptogte van die swartes en die tsetsevliegprobleem, kon trekdiere nie in die somermaande gebruik word nie.[7]

Op 16 Augustus 1876 is nuus ontvang dat die stasie Jouberts Hope geplunder is en die stasiemeester, T. Hart, vermoor is. Hart is blykbaar deur 'n swart man gekonfronteer omdat Hart se broer skynbaar sy geweer afgeneem het. Hart het ontken dat hy iets daarvan weet, waarop hy deur die bors geskiet is en verder met assegaaie en byle vermoor is. 'n Swart man wat by Hart gewoon het, het gevlug en is in die sy geskiet. Die swart man het die nag om twaalfuur by Birch op die Krokodilrivierstasie aangekom en hom van die moord vertel. Die swart man het beweer dat dit nie Sekhukhune se mense was wat die moord gepleeg het nie, maar Mapolaners. Die vrou van die gewonde swart man het die volgende dag ook by Birch gearriveer en hom gewaarsku om te vlug omdat al die stasiemeesters vermoor gaan word.

Birch het dieselfde dag nog 17 Swazi's gestuur om Hart te gaan begrawe. Die Swazi's het die stasie geplunder en alles gesteel wat hulle kon dra. By hulle terugkoms by Birch het hulle vertel dat hulle die moordenaars van Jouberts Hope verdryf het en dat die moordenaars Mapolaners was.[8] Hulle het nog betaling vir hulle dienste ook gevra. Verskillende swartes het verklaar dat dit nie Sekhukhune se mense was wat vir die moord verantwoordelik was nie. Swartes

---

7 NAB, Pretoria, SS, vol. 215, R2359/1876: brief, Barter/Staatsekretaris, 11 Sept. 1876.
8 *Transvaalsche Governements Courant*, nr. 3, 28 Apr. 1877.

wat deur Birch gearresteer is omdat hulle gesteelde goed in hulle besit gehad het, het beweer dat hulle dit opgetel het, want die Mapolaners kon dit nie saamneem nie.[9] Hieruit blyk dit dat die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* nie net aanvalle van Sekhukhune se mense moes verduur nie, maar dat ook ander swart stamme wat in die Suidoos-Transvaal woonagtig was, die stasies en ander eiendom geplunder het en selfs moord gepleeg het.

Die persone wat by Pretoriuskop en ook langs die roete na Delagoabaai gelaat is om voorrade te ontvang, was nou in groot gevaar. Barter is dadelik met 11 vrywilligers na Pretoriuskop waar hulle die drie persone veilig gevind het.[10]

Tydens die Sekhukhune-oorlog en onluste is in Pelgrimsrus 'n verdedigingskomitee saamgestel, waarvan Turton die bestuurder van die *Cape Commercial Bank*, die voorsitter was. Deur bemiddeling van hierdie komitee het die vrywilligerskorps tot stand gekom. Hierdie korps het groot werk verrig deur persone wat langs hierdie roete na Lourenco Marques in gevaar verkeer het, te beskerm en na veiligheid te neem.

Op 19 Augustus 1876 het Barter op Pretoriuskop 'n brief van Birch, stasiemeester van die Krokodilrivierstasie, ontvang. Birch skryf dat hy as gevolg van langdurige waaksaamheid uitgeput was en nie meer veel langer sou kon uithou nie. Barter het dadelik met agt man na hom vertrek en arriveer daar op 20 Augustus 1876. By Jouberts Hope het Barter oorblyfsels van Hart se liggaam gevind wat deur wildediere geëet is. Barter het die kopbeen van Hart se oorblyfsel geneem en dit later in Pelgrimsrus begrawe. Dit beteken dat die Swazi's wat deur Birch gestuur was om Hart te begrawe, of dit nie gedoen het nie òf Hart se liggaam in so 'n vlak graf begrawe het dat die wilde diere dit kon uitgrawe.[11]

---

[9] NAB, Pretoria, SS, vol. 215, R2359/1876: brief, Barter/Staatsekretaris, 11 Sept. 1876.
[10] NAB, Pretoria, SS, vol. 215, R2359/1876: brief, Barter/Staatsekretaris, 11 Sept. 1876.
[11] *Gold Fields Mercury*, 4 Aug. 1876; 11 Aug. 1876; 18 Aug. 1876; 1 Sept. 1876.

By die Krokodilrivierstasie het Barter 1 036,84 kilogram lood en 'n paar kanonkoëels gevind. Ten spyte daarvan dat Barter 'n goeie aanbod vir draers aangebied het om die lood en ammunisie na Pelgrimsrus te vervoer, kon hy nie draers in die hande kry nie. Hy het daarop net die kanonkoëels saamgeneem. Barter en Birch was verplig om 'n hoofman en sy onderdane die stasies te laat betrek om die lood op te pas. Ook op die Komatierivier-stasie was daar 227 kilogram lood.[12]

Die vrywilligerskorps wat saam met Barter by Birch aangekom het, het hom baie beïndruk. In 'n brief aan Turton bedank Birch vir Turton vir die gehalte van die vrywilligerskorps se optrede en wat hulle vermag : "As the volunteers behaved in a most exemplary manner and that whilst on my station although they have every luxury at their command and were pressed by me to use them freely, they absolutely declined and restrict themselves to necessaries urging that they are on duty and had vigilant guards to mount."[13] Hierdie vrywillige korps was vir Nellmapius se maatskappy van groot waarde vir die beskerming wat hulle sy stasiemeesters gebied het en die voorrade wat hulle langs die roete kon terugvind en onder beskerming kon terugneem na Pelgrimsrus. Die voorrade wat onder hulle toesig vervoer is, was meestal regeringseiendom en daarom is ook eintlik 'n diens aan die regering bewys.

Op 6 September het nuus die delwerskamp te Pelgrimsrus bereik dat van die waens van Nellmapius langs die roete geplunder is. By Pretoriuskop was ook van die regering se ammunisievoorraad. Scoble het vir Barter opdrag gegee om hierdie eiendom asook enige ander eiendom langs die weg, te gaan beskerm. By Niekerk is net 'n wa met patrone gevind. Op Spitskop het Barter 'n paar delwers gekry en hulle oorreed om hierdie ammunisie op te pas. Barter is verder na Pretoriuskop en daar het hy 50 gewere en lood gevind en dit laat aanstuur na Pelgrimsrus. Op pad terug het hy 22 beeste gekry wat aan mense te Mac Mac behoort het en dit is aan hulle teruggegee. 'n Impi het in die gebied ook 'n wa van Crompton aangeval, maar sy drywers kon 70 stuks vee red.[14]

---

12 NAB, Pretoria, SS, vol. 215, R2359/1876: brief, Barter/Staatsekretaris, 11 Sept. 1876.
13 *Gold Fields Mercury*, 16 Sept. 1876.
14 NAB, Pretoria, SS, vol. 215, R2359/1876: brief, Barter/Staatsekretaris, 11 Sept. 1876.

Kort nadat Barter by Pelgrimsrus gearriveer het, is berig dat die stasie van die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* te Pretoriuskop, 96 kilometers van Pelgrimsrus, deur swartes geplunder is. Barter het vir Nellmapius gehelp om 'n gewapende geleide bymekaar te maak om met waens die voorrade wat nog by die stasies was, te gaan haal.

Barter en Nellmapius wat twee dae na die gewapende geleide Pelgrimsrus verlaat het, het op pad twee van Nellmapius se waens met voorrade teengekom. Barter het vir R. I. N. James, wat blykbaar in die omgewing was, gedwing om een van sy waens wat leeg was en op pad na Pelgrimsrus was, beskikbaar te stel om 50 gewere, etlike bomme en lood na Pelgrimsrus te vervoer. Die huur van die wa is deur Nellmapius betaal.[15]

W. Barter rig 'n skrywe aan president Burgers waarin hy aanbeveel dat die regering alles in sy vermoë moes doen om die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* te help om die roete na Lourenco Marques veilig te hou. Hy sê dat hy die afgelope maande langs die weg na Lourenco Marques bedrywig was en gepoog het om die regeringsmateriaal soos lood en ammunisie wat nog by die verskillende stasies van die maatskappy was, na veilige oorde te neem. Van die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* kon hy nie vervoer kry nie. Daar was geen beeste van die maatskappy oor om die waens te trek nie. Die stasiemeesters het wel vir Barter gehelp om die regeringsvoorrade so veilig as moontlik te berg. Volgens Barter het die maatskappy hul bes gedoen om die weg veilig en oop te hou, ook vir die regering. Die maatskappy het by hulle stasies ordentlike akkommodasie verskaf en die roete was bedoel tot voortdurende voordeel van die land. In daardie stadium was dit volgens hom feitlik al moontlikheid om die see langs daardie weg te bereik. Dit sou kortsigtig wees om hierdie roete nou te laat vaar en al die voorrade in die hande van die swartes te laat.[16]

'n Verdere terugslag het die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* getref toe De Paiva Rapoza vermoor is. Genoemde De Paiva

15 NAB, Pretoria, SS, vol. 215, R2359/1876: brief, Barter/Staatsekretaris, 11 Sept. 1876.
16 NAB, Pretoria, SS, vol. 215, R2359/1876: brief, Barter/Staatsekretaris, 11 Sept. 1876.

Rapoza was nie Alberto Carlos De Paiva Rapoza, die vennoot van Nellmapius nie, maar heel waarskynlik een van sy familielede. Rapoza was ten tye van die moord stasiemeester van Campo de Corvo, sowat 26 na 29 kilometers vanaf Lourenco Marques. Hy is met assegaaie en oorlogsbyle vermoor. Sy liggaam is vermink deurdat al sy vingers en tone afgekap is. Die laaste bemande stasie van die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* is toe ontruim. Die stasiemeesters is of vermoor of het gevlug.[17] Al die stasies van die vervoermaatskappy was teen die middel van September gesluit. Birch van die Krokodilrivierstasie is in 'n swak gesondheidstoestand as gevolg van koors Pelgrimsrus binnegedra, Stockwell van die volgende stasie, asook Ryan van Pretoriuskop het in Pelgrimsrus gearriveer.[18]

Ten spyte van die chaotiese toestand wat in daardie stadium in Oos-Transvaal geheers het en die feit dat al die stasies van die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* gesluit en ontruim is, het Nellmapius nie moed verloor nie. Hy het steeds probeer om van die maatskappy 'n sukses te maak deur dit weer aan die gang te kry. Om dit te kon vermag, het hy egter kontant nodig gehad. Hy het, soos dwarsdeur sy lewe gesien kan word, nooit die nodige kapitaal gehad om sy skemas te finansier nie. Hier was dit ook die geval. Hy was vir kapitaal afhanklik van die *Cape Commercial Bank*. Om geld uit die bron te bekom, moes hy waarborge lewer en die het hy nie meer in daardie stadium gehad nie.

Op 21 September 1876 het hy met leedwese erken dat as gevolg van die groot verliese wat hy tydens die oorlog met Sekhukhune gely het, hy nie langer in staat was om die transportlyn tussen die republiek en Delagoabaai sonder hulp in stand te hou nie.

Daar die oophou van hierdie transportlyn volgens Nellmapius, 'n lewenskwessie vir die Transvaal was, vra hy die regering om nog konsessies of voorregte aan hom toe te staan, sodat hy weer van sy vriende kan oorreed om verdere kapitaal

---

17 NAB, Pretoria, SS, vol. 215, R2443/1876: brief, Scoble/Staatsekretaris, 18 Sept. 1876.
18 *Gold Fields Mercury*, 8 Sept. 1876.

aan die maatskappy voor te skiet.[19] Met vriende hier bedoel hy heel waarskynlik die *Cape Commercial Bank*. Volgens Nellmapius wou hy hierdie kapitaal aanwend om die transportlyn vir die staat oop te kry. Hy versoek die regering omdat hy nie weet wat die regering onder die huidige moeilike omstandighede in staat was om aan hom toe te staan nie, om self te besluit wat hulle kan toestaan en op watter wyse dit toegestaan kan word, sodat hy kapitaal in die hande kon kry. Indien die regering volgens hom nog die roete wil oopkry en oophou, was daar geen tyd te verspeel nie en sal dadelik tot aksie oorgegaan moes word.[20]

Dit was nie slegs met Nellmapius wat dit sleg gegaan het in die Oos-Transvaal nie. Die Natal Bank het kennis gegee dat alle persone wat nog kredietrekenings by dié bank het, dit sonder vertraging moes kom onttrek.[21] Ook Crompton en Ablett het hulle transportdiens opgesê, waarna Ablett na Natal verhuis het.[22]

In Julie 1876 het Scoble in 'n skrywe aan die regering gemeld dat die onsekere toestande in Oos-Transvaal veroorsaak dat al meer mense die gebied verlaat.[23] Nellmapius het besef dat die voortbestaan van die goudvelde en sy maatskappy afhanklik was van die aantal blankes in die gebied. Toe daar in September 'n mooi groot goudklont op die kleim van Van Breda, Volksraadslid vir die goudvelde, ontdek is, het Nellmapius besluit om met hierdie goudklont 'n toer deur Suid-Afrika te onderneem. Hy het gehoop om daardeur weer die belangstelling in die goudvelde aan te wakker en om daardeur weer meer blankes na die goudvelde te trek. James Birch sou in sy afwesigheid in bevel van sy sake wees.[24]

Nellmapius het vertrek na Pretoria en is daarvandaan na Potchefstroom. *The Transvaal Advocate and Commercial Advertiser*, 'n koerant te Potchefstroom, berig soos volg oor Nellmapius se besoek aldaar: "We had the pleasure of

---

19 NAB, Pretoria, SS, vol. 215, R2435/1876: brief, Nellmapius/Staatspresident ZAR en UR, 21 Sept. 1876.

20 NAB, Pretoria, SS, vol. 215, R2435/1876: brief, Nellmapius/Staatspresident ZAR en UR, 21 Sept. 1876.

21 *Gold Fields Mercury*, 23 Sept. 1876.

22 *Gold Fields Mercury*, 30 Sept. 1876.

23 NAB, Pretoria, SS, vol. 211, R1792/1876: brief, Scoble/Staatsekretaris, 10 Jul. 1876.

24 *Gold Fields Mercury*, 28 Okt. 1876.

seeing and handling perhaps the most beautiful speciman of virgin gold which has come out of the Lydenburg Gold Fields. It was brought down by mr Nellmapius and was found in the new Caledonia reef. It's weight about 4 lb., appears to be absolutely pure gold in a mass of irregular sharp angled rugged yet most delicate form."[25] Van Potchefstroom is Nellmapius na die diamantvelde om die goudklont daar te vertoon en daarvandaan is hy na Port Elizabeth. Heelwat nuwe ontdekkings van goud is ook intussen op die goudvelde gedoen, wat Nellmapius se saak om blankes na die goudvelde van die Oos-Transvaal te probeer lok, gesterk het.[26]

Op 4 November 1876 het die advertensie van die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* vir die laaste keer in die *Gold Fields Mercury* verskyn.[27] Soos gesien, het Nellmapius in September 1876 reeds gesê dat hy nie meer die roete kan beveilig of oophou nie. Die feit dat die advertensie nog wel tot aan die begin November 1876 geplaas was, kan moontlik as bewys dien dat hy nog gehoop het dat hy die maatskappy kon red. Nou was die moontlikheid van herstel, selfs vir so 'n entoesiastiese man soos Nellmapius, nie meer moontlik nie en moes hy vir eers alle hoop daartoe laat vaar het.

## 6.2 DIE AANSPRAKE VAN DIE ZAR EN DIE CAPE COMMERCIAL BANK OP DIE EIENDOM VAN DIE LOURENCO MARQUES AND SOUTH AFRICAN REPUBLIC TRANSPORT SERVICE

Nellmapius en sy vervoermaatskappy was nie van lisensies en invoerbelasting vrygestel nie. In November het Scoble weer 'n rekening van £281-4-6 aan Nellmapius gestuur as synde 'n bedrag wat hy vir genoemde sake aan die staat verskuldig was. Omdat die bestuurder van die maatskappy, Birch, in die afwesigheid van Nellmapius, tot in November 1876 nog nie 'n poging aangewend het om die rekening aan die staat te vereffen nie, het Scoble besluit om die eiendom van die maatskappy onder geregtelike bestuur te plaas. In

---

25 *The Transvaal Advocate and Commercial Advertiser*, 2 Okt. 1876.
26 *Gold Fields Mercury*, 28 Okt. 1876.
27 *Gold Fields Mercury*, 4 Nov. 1876.

daardie stadium het Turton, namens die *Cape Commercial Bank*, ook die eiendom van die maatskappy opgeëis. Scoble het nie geweet op grond waarvan Turton die eis gemaak het nie, wat daarop dui dat dit nie op Pelgrimsrus bekend was dat die *Cape Commercial Bank* 'n verband op die maatskappy gehou het nie.

Turton het sover gegaan as om die sleutel van die maatskappy se goedereloods te Pelgrimsrus by die persoon wat deur Barter in beheer daarvan geplaas was, af te neem. Op versoek van Barter het Turton die sleutel teruggegee met die verskoning dat hy dit op die ingewing van die oomblik opgeëis het. Scoble het beweer dat genoemde bedrag wat die maatskappy aan die regering verskuldig was, nog groter was, maar hy kon nie afskrifte van die vragbriewe kry wat die groter eis kon regverdig nie. Dit kon natuurlik beteken dat Nellmapius of sy maatskappy se boeke doelbewus verdoesel het of dat sy administrasie swak was.

Scoble het die regering versoek om sulke bewyse aan hom beskikbaar te stel, sodat die regering voorkeureise op die eiendom van die maatskappy kon lewer. Dit sou ook goed wees indien die regering sy eise met die *Cape Commercial Bank* kon bespreek want Turton as bestuurder van genoemde bank, het deur sy optrede die regering in 'n swak lig gestel.[28]

Toe Barter as sherif op die goudvelde hierdie bedrag van Nellmapius gaan opeis het, was Nellmapius met Van Breda se goudklont op 'n toer deur die Britse kolonies van die suidpunt van Afrika. Birch wat in Nellmapius se afwesigheid in bevel van sy sake was, het nie die kapitaal tot sy beskikking gehad om die rekening te betaal nie en hy kon ook nie 'n antwoord gee wanneer Nellmapius definitief sou terug wees nie. Barter moes snuf in die neus gehad het dat iemand, moontlik het hy geweet van die inspraak van die *Cape Commercial Bank* op die maatskappy, 'n aanspraak op die eiendom van Nellmapius se maatskappy gehad het, want hy was van mening dat die regering vroegtydig sy

[28] NAB, Pretoria, SS, vol. 220, R3303/1876: brief, Scoble/Staatsekretaris, 20 Nov. 1876.

aansprake moes versterk, want dit het volgens hom nie gelyk of die regering die versekering gehad het dat hy wel die eiendom van die maatskappy sou bekom nie.[29] Dit dui daarop dat die kantoor van die goudkommissaris nie meer seker was of die staat die enigste eiser teen Nellmapius se maatskappy was nie.

Hierop het Scoble op 18 November 1876 'n hofbevel verkry om op goedere van die *Lourenco Marques and South African Transport Service* beslag te lê om die bedrag van £281/4/6 te in. Barter het Birch gevra om aan hom soveel eiendom toe te wys as wat dié bedrag werd was. Birch het aan Barter daarop toe 'n aantal artikels uitgewys waarop Barter namens die staat beslag kon lê. Die koste van die hofbevel asook die koste om die goedere in beslag te neem, moes ook op die wyse verhaal word. Daarop het Barter namens die staat op die volgende eiendom van die maatskappy beslag gelê: een houthuis met 'n sinkdak, twee seiltenthuise, een kleihuis wat as stoorplek gedien het, een tent, een kleihuis met 'n seilkombuis, vyftien gewere, twee bronslampe, een kopieermasjien en twaalf dosyn slagmesse. Verder het hy ook beslag gelê op meubels, kookgereedskap, tafels en stoele, 'n deel grond aan die Sabierivier bekend as Fischers Place wat Nellmapius van J. Niekerk gekoop het, die plaas Burgers Hall met die stasie daarop, asook die plaas Pretoriuskop met al die geboue daarop.[30]

Na hierdie beslaglegging van Barter op die eiendom van die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service*, het Turton weer tot die stryd toegetree. Turton het beweer dat hierdie eiendom waarop beslag gelê is, aan die *Cape Commercial Bank* behoort. Scoble het daarop vir Barter opdrag gegee om nie af te sien van die gekonfiskeerde artikels en eiendom nie tot tyd en wyl die geldigheid van die aanspraak van Turton in die hof beslis is. Scoble het heel waarskynlik op die optrede besluit omdat hy nog nie seker was presies hoe geldig Turton se aanspraak was nie. Scoble het daarenteen beweer dat Turton alles in sy vermoë doen om die regering in 'n swak lig te stel. Hy het dit toe aan die *Cape Commercial Bank* oorgelaat om die regering se aanspraak te bestry.

29 NAB, Pretoria, SS, vol. 220, R3303/1876: brief, Scoble/Staatsekretaris, 20 Nov. 1876.
30 NAB, Pretoria, SS, vol. 220, R3303/1876: brief, Scoble/Staatsekretaris, 20 Nov. 1876.

Tog het hy getwyfel of die saak sover sou gaan, want hy het steeds nie geglo dat die bank aanspraak op Nellmapius se vervoermaatskappy kon maak nie.[31]

Turton het op sy beurt beslag gelê op die plaas Graskop wat volgens Scoble 'n verlies van belasting van £7 na £8 per maand sou meebring veral gesien in die lig van die masjien wat pas op die goudvelde aangekom het en wat klip kan breek. Dit beteken dat verhoogde produksie kan intree waarop die verlies wat die regering op die plaas Graskop sou ly, sou vergroot.[32]

Scoble het 'n beroep op die regering gedoen om sy sake met die *Cape Commercial Bank* op te klaar, want die regering moes probeer verhoed dat die grond waarop die bank beslag gelê het, verkoop word. Volgens Scoble was die regering 'n bedrag van £500 aan die bank verskuldig.[33]

Staatsekretaris N. Swart het hierdie skrywe van Scoble na die staatsprokureur verwys om vas te stel of die staat wel 'n saak teen die bank het. Swart noem dat dit geen waarde sou hê om te streng teen die maatskappy op te tree nie, omdat Nellmapius tog in elk geval nie kon betaal nie.[34]

Die staatsprokureur het aan die staatsekretaris die versekering gegee dat die interdik wat op die eiendom van die *Lourenco Marques and South African Transport Service* bedien is, alle ander krediteure uithou en dat hy dit wel vir twee maande kon laat geld mits die registrateur van akte in kennis gestel is. Indien Scoble die maatskappy in Februarie 1877 dagvaar, sou die interdik van krag bly. Teen Februarie 1877 sou Nellmapius weer terug wees op die goudvelde en dan kon daar met hom onderhandel word.[35]

Scoble het nie geleentheid gehad om met Turton te onderhandel nie en hy het besluit om sy aanspraak op die eiendom van die maatskappy te behou totdat hy verdere opdragte uit Pretoria ontvang.[36]

---

31 NAB, Pretoria, SS, vol. 221, R3429/1876: brief, Scoble/Staatsekretaris, 27 Nov. 1876.
32 NAB, Pretoria, SS, vol. 220, R3303/1876: brief, Scoble/Staatsekretaris, 20 Nov. 1876.
33 NAB, Pretoria, SS, vol. 221, R3429/1876: brief, Scoble/Staatsekretaris, 27 Nov. 1876.
34 NAB, Pretoria, SS, vol. 8630, R3187/1876/7: brief, Swart/Staatsprokureur, 28 Nov. 1876.
35 NAB, Pretoria, SS, vol. 221, R3380/1876: brief, Staatsprokureur/Staatsekretaris, 29 Nov. 1876.
36 NAB, Pretoria, SS, vol. 222, R3514/1876: brief, Scoble/Staatsekretaris, 4 Des. 1876.

Op 6 Desember 1876 het Swart vir Scoble in kennis gestel dat die *Cape Commercial Bank* 'n algemene verband van £3 000 op die eiendom van die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* hou en dat dit daarom beter sou wees om op daardie stadium nie met verdere regsoptrede voort te gaan nie.[37]

Scoble was nie hiermee tevrede nie en hy beveel aan dat aangesien die saak nou al so ver gevorder het, daar 'n hofbeslissing daaroor moes plaasvind omdat dit die regering in 'n beter lig sou stel. Die regering kon na so 'n beslissing sy aanspraak terugtrek afhangende van watter omstandighede hom die beste pas.[38] Hierop het Swart vir Scoble opdrag gegee om alle regsake rakende die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* te staak tot verdere kennisgewing.[39]

Dit is algemene kennis dat die ZAR se geldsake in daardie stadium in 'n krisis was en heel waarskynlik het die regering besluit om nie verdere geld aan hofkoste te bestee nie. Daarom het hulle alle aanspraak op die maatskappy en sy eiendom opgesê. Die feit dat die regering van die Transvaal ook geld aan die *Cape Commercial Bank* geskuld het, het natuurlik meegehelp tot die besluit van die regering om nie die saak verder te voer nie. Hierdie toutrekkery het in Nellmapius se afwesigheid plaasgevind.

In Januarie 1877 was Nellmapius weer op pad via Delagoabaai na die goudvelde. Hy het sy toer met die goudklont deur Suid-Afrika voltooi.[40]

Intussen het die regering maar weer teruggeval na die roete via Port Natal om voorrade te bekom. Daar is onder andere permitte uitgereik om ammunisie van Pietermaritzburg te vervoer. Ook ander artikels is deur persone of maatskappye soos Parker, Wood en Kie., Henderson en Kie. en A. Fass vervoer.[41] Die *Gold*

---

37 NAB, Pretoria, SS, vol. 8630, R3306/1876/7: brief, Swart/Goudkommissaris, 6 Des. 1876.
38 NAB, Pretoria, SS, vol. 222, R3610/1876: brief, Scoble/Staatsekretaris, 11 Des. 1876.
39 NAB, Pretoria, SS, vol. 8630, R3353/1876/7: brief, Swart/Scoble, 13 Des. 1876.
40 *Gold Fields Mercury*, 20 Jan. 1877.
41 NAB, Pretoria, SS, vol. 228, R445/1877: permit, uitgereik deur Staatsekretaris, 25 Jan. 1877.

*Fields Mercury* het berig dat die vervoerkoste van Natal af in daardie stadium die laagste was wat dit ooit was.[42]

Dit is duidelik dat ten spyte van die toegewings van die ZAR wat vir Nellmapius geleentheid gegee het om sy vervoerskema van stapel te laat loop, die regering en Nellmapius met mekaar oorhoops gelê het by die praktiese uitvoerbaarheid daarvan. Afgesien van die verskil van menings tussen die regering en Nellmapius oor die betaling van invoerbelasting en handelslisensies op sy stasies, al dan nie, kon die ZAR nie vir Nellmapius die gewapende geleide gee om die roete waarlangs hy geopereer het, te beveilig nie. Hoewel daar reeds daarop gewys is dat Nellmapius dwarsdeur sy lewe met sy vele skemas meestal 'n kontantvloeiprobleem gehad het, was die Sekhukhune-oorlog heel waarskynlik die grootste bydraende faktor wat die skema op daardie stadium gekelder het. Ten spyte van bogenoemde is dit opvallend dat Nellmapius wat 'n groot rede gehad het om die regering te kritiseer vir sy besluite en gebrek aan optrede tydens die Sekhukhune-oorlog, nooit die regering in die openbaar gekritiseer het nie.

## 6.3 DIE BRITSE ANNEKSASIE VAN TRANSVAAL, 12 APRIL 1877

Op 12 April 1877 het T. Shepstone die Transvaal geannekseer en daarmee eindig Nellmapius en die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* se onderhandelings met die ZAR.

Die persone wat gedink het dat na die Britse oorname van die ZAR alle probleme meteens iets van die verlede sou wees, het 'n onaangename verrassing gekry. Die onsekere toestande in die Oos-Transvaal het maar dieselfde gebly.

'n Persoon van Mac Mac het in Junie 1877 berig dat iemand wat op die goudvelde genoeg goud ontgin om van te lewe, homself gelukkig kon ag. Op net een of twee plekke was daar nog winsgewende goud. Die delwers se moraal was in daardie stadium baie laag. Volgens hom was daar proporsioneel

42 *Gold Fields Mercury*, 30 Des. 1876.

meer kantiene op die goudvelde as op die diamantvelde. Hy beskryf die toestand soos volg : "The miners are huddled together in dens which people at home would blush to kennel dogs in and living a life of ragged squander coupled too often with debauchery theirs is a deplorable lot; to such the mere mention of comfort would be a mockery."[43]

Die *Cape Commercial Bank* het in Junie 1877 met die skip Nubian, nog goud ter waarde van £8 525 na Engeland versend.[44] In dieselfde maand het die bank die goudprys as gevolg van die onveilige toestande in die Oos-Transvaal van £3-12-0 verlaag na £3-2-0 per ons. Die prys is verlaag as gevolg van die risiko wat die bank moes loop om die goud veilig by die hawe te kry.[45]

In Junie 1877 word die volgende inligting deur die inspekteur van lisensies oor die goudvelde verskaf. Blankes in diens van sake-ondernemings : 55, delwers te Spitskop, Mac Mac en Pelgrimsrus : 424, blanke vroue : 44, meisies : 38, seuns : 63 en swartes 697. Te Spitskop was daar twee kantiene, twaalf winkels, twee smidswinkels, een bakkery, twee watermeulens, een gemmerbiervervaardiger, een skoenmaker, een timmerman, een bank, twee skole en een hospitaal.[46]

Blykbaar was daar van die delwers en ander persone wat langs die roete vanaf Lourenco Marques na Pelgrimsrus en terug beweeg het, wat van die handelsware en ander eiendom wat nog op die maatskappy se stasies gelê het, gesteel het. Vervolgens is daar 'n kennisgewing in die koerant geplaas dat indien sulke persone betrap word, hulle vir 'n kriminele oortreding vervolg sal word.[47]

Na sy terugkeer van Port Elizabeth was Nellmapius in daardie stadium bankrot. Hy het nie eers 'n ryding oor gehad nie. Hy het van Pelgrimsrus na Lydenburg

---

43 *The Transvaal Advocate and Commercial Advertiser*, 1 Jun. 1877.
44 *Gold Fields Mercury*, 14 Jun. 1877.
45 *Gold Fields Mercury*, 29 Jun. 1877.
46 *The Transvaal Advocate and Commercial Advertiser*, 15 Jun. 1877.
47 *Gold Fields Mercury*, 14 Jun. 1877.

geloop. Kort na sy aankoms op Lydenburg het die Britse koloniale regering 'n tender gevra vir die lewer van 50 000 bale gras vir vee en perde. Nellmapius het dadelik hierin 'n geleentheid gesien en die plaaslike bankbestuurder, Geo Glaeser, gaan spreek en sy ondersteuning gevra vir die toekenning van die tender, wat Glaeser dan ook gedoen het.[48] Nellmapius het deur die lewering van die 50 000 bale gras genoeg geld verdien om weer aan sy private sake, soos sy maatskappy en delwerswerke, aandag te gee. As delwer het hy en Cooper saamgewerk.[49]

Na 'n kort verblyf in Pretoria in 1879, is Nellmapius weer in 1880 terug na die gouddelwerye en prospekteer hy tussen Lydenburg en Barberton. In dié tydperk het dit met hom sleg gegaan. Hy het periodieke koorsaanvalle gekry en was ook aan ander gevare soos wilde diere en swart impi's blootgestel. Hy het gesukkel om 'n menswaardige bestaan te voer.[50] Toe sy finansies verbeter, het hy hom weer op die goudvelde gaan vestig.

Op navraag van T. Shepstone, die Britse administrateur van Transvaal, of die maatskappy nog funksioneer, het Nellmapius 'n breedvoerige verslag gegee. Hy het dit aan Shepstone gestel dat die regering nie anders sal kan as om te aanvaar dat die konsessies in verband met die skema soos deur die vorige regering aan hom toegestaan, nog steeds van toepassing is nie. Hy was egter van mening dat hy die maatskappy met die nodige hulp op 'n baie groter skaal kon bedryf. Handel en vervoer sou die Transvaal oopstel, wat tot op datum slegs as 'n wildernis beskou was. Hy wys op die weeklikse posdiens tussen die Transvaal en Mosambiek, wat aan hom toegeken is en wat van soveel belang vir die land is. Die kontrak sou slegs verval indien die maatskappy die diens nie tot uitvoer sou bring nie, met die uitsondering van oorlog en/of onluste.

As gevolg van die oorlog teen Sekhukhune is die hele roete van die maatskappy tussen die goudvelde en Lourenco Marques vernietig. Geboue op stasies is

48 *The Press*, 31 Jul. 1893.
49 *Gold Fields Mercury*, 22 Aug. 1877; 8 Nov. 1877.
50 *The Press*, 31 Jul. 1893.

afgebrand en amptenare in diens van die maatskappy is vermoor. Daarom is dit logies dat dit tyd sou neem om weer die roete na Lourenco Marques in 'n werkende toestand te kry. Hy doen 'n beroep op Shepstone om aan hom die nodige tyd daarvoor toe te staan. Hy wys vir Shepstone daarop dat hy tydens die oorlog deur president Burgers versoek is om die roete na Lourenco Marques oop te hou. Burgers het aan hom 'n gewapende geleide belowe, asook vergoeding vir die verliese wat hy sou ly. Die rede daarvoor was dat die moontlikheid bestaan het dat dit die enigste weg was waarlangs voorrade vir die land verkry kon word. Hier verwys Nellmapius waarskynlik daarna dat Brittanje die roete via Kaapstad en Durban vir goedere na Transvaal kon sluit. Die dertig man wat deur Burgers aangesê is om die roete te beskerm, het nie net geweier nie maar ook nooit opgedaag nie. Dit het gelei tot die ondergang van almal wat met die skema gemoeid was. Die maatskappy kon daarom sonder twyfel van teëspraak aanspraak maak op kompensasie. Met hierdie aanspraak van hom wou hy nie druk uitoefen nie, net solank Shepstone nie te streng met die konsessies sou wees nie. Hier bedoel hy heel waarskynlik dat Shepstone hom grasie moes gee en tyd om die maatskappy weer vlot te maak. Nellmapius sou dan indien hy grasie kry, weer daarin kon slaag om kapitaalsterk mense te oortuig om geld in die skema te stort. Dit sou die skema onmiddellik op 'n groter en gesonder voet plaas, wat weer daartoe sou bydra om die bronne van die land te ontwikkel.[51]

Shepstone het positief op dié versoek van Nellmapius gereageer en 'n verlenging van tyd tot Junie 1878 is aan hom toegestaan. 'n Kontrak is hiervoor opgestel wat deur Shepstone onderteken is.[52] N. J. R. Swart, die waarnemende koloniale sekretaris, het aan Nellmapius kennis gegee dat sy versoek om langer tyd gegun te word om die roete weer te herstel en goed te maak, goedgekeur is.[53] In Junie 1877 het die koloniale regering en Nellmapius ook ooreengekom dat alle wedersydse eise teenoor mekaar opgesê sou word.[54]

---

51 NAB, Pretoria, Staatsekretaris (SS), vol. 334, R2366/1877: brief, Nellmapius/T. Shepstone, 9 Jun. 1877.
52 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: kontrak, Nellmapius/Shepstone, 21 Jun. 1877.
53 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Swart/Nellmapius, 23 Jun. 1877.
54 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Nellmapius/N.J.R. Swart, 12 Jun. 1877.

Daar is reeds verwys na 'n bedrag van £120-11-6 wat die regering van die ZAR op 22 September 1876 aan Nellmapius betaal het asook 'n bedrag van £125-3-9 aan Rapoza op 24 November 1876. Nellmapius het nie geteken dat hy die bedrag ontvang het nie waarop Swart die tesourier-generaal opdrag gegee het om die kwitansie van Nellmapius te verkry.[55] Dit is gedoen en op 22 Januarie 1877 het Nellmapius wel geteken dat hy die geld ontvang het.[56]

Volgens die voorsitter van die *Finance Commission* van die koloniale regering, was bogenoemde bedrag dieselfde bedrag wat beteken dat die bedrag twee keer uitbetaal is.[57] Die effense verskil in die bedrag was as gevolg van rente wat gehef is.[58]

Op 17 Julie 1877 het N. J. Swart, Rapoza versoek om die bedrag van £120-11-6 aan die regering terug te betaal omdat die bedrag twee keer deur die vorige regering aan hom uitbetaal is. Rapoza het dit aan Swart gestel dat hy net op 24 November 1875 'n bedrag ontvang het. Ten spyte daarvan dat Nellmapius twee keer met Rapoza in kontak te Lourenco Marques was nadat die bedrag, soos die regering beweer aan Nellmapius uitbetaal is, het laasgenoemde hom nie in kennis gestel dat hy reeds 'n bedrag ontvang het nie.[59] Rapoza was daarom van mening dat die regering die geld van Nellmapius moes verhaal. Op navraag het Nellmapius gesê dat hy die geld net so in die rekening van die maatskappy gestort het en dat hy dit nie as noodsaaklik geag het om dit aan sy assistent-bestuurder te noem nie. Hy het ook nie gedink dat enigiemand anders as hyself 'n eis teen die regering sou stel vir genoemde bedrag nie omdat hy in daardie stadium reeds aan Rapoza opdrag gegee het om nie verder van die regering se lood te verkoop nie. Hy kon ook nie voorsien dat die regering van Transvaal

---

55 NAB, Pretoria, SS, vol. 309, R2245/1878: brief, Swart/Tesourier-generaal, 22 Sept. 1876.
56 NAB, Pretoria, SS, vol. 309, R2811/1878: brief, Rapoza/Staatsekretaris, 15 Jul. 1877.
57 NAB, Pretoria, Letter Book, vol. 309, LB 3114/1878: brief, chairman Finance Commission/Colonial Secretary, 16 Jul. 1877.
58 NAB, Pretoria, LB, vol. 309, LB. 234/1878: brief, Bergsma/Finance Commission, 11 Jul. 1877.
59 NAB, Pretoria, SS, vol. 309, R3114/1878: brief, Rapoza/Swart, 7 Aug. 1877.

twee keer dieselfde bedrag sou uitbetaal nie. Die geld wat hy ontvang het, het hy tot voordeel van die maatskappy gebruik. Nellmapius was bereid om die bedrag aan die koloniale regering terug te betaal, maar die maatskappy het in daardie stadium, September 1877, geen fondse tot sy beskikking gehad nie en daarom kon hy die bedrag nie betaal nie.[60]

In Oktober 1879 het die koloniale sekretaris 'n opdrag aan J. Thompson, Britse vise-konsul vir die distrik Lourenco Marques en Delagoabaai, gestuur om die geld van Rapoza te verhaal omdat hy 'n vermoënde man was.[61] Die koloniale regering was van mening dat Rapoza die bedrag moes betaal omdat hulle nie verantwoordelikheid kon aanvaar vir die optrede van 'n agent van Rapoza nie. Thompson kon egter nie vir Rapoza opspoor nie, want hy het na Quillimane vertrek om 'n groot opiummaatskappy wat aan sy neef behoort het, te gaan bestuur.[62] Daarmee was die saak afgehandel.

In September 1877 het T. Shepstone die delwerye besoek. By 'n onthaal wat vir hom gegee is, is 'n adres aan hom oorhandig wat deur feitlik al die delwers onderteken is, maar Nellmapius het dit nie onderteken nie. Sir John Kotze meld nie dat Nellmapius by die onthaal saam met die hoof-waardigheidsbekleërs van die goudvelde aan die hooftafel gesit het nie. As vise-konsul van Portugal op die goudvelde is dit snaaks dat hy nie 'n sitplek aan die hooftafel kon kry nie. Ook as die eienaar van die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service*, moes hy tog bekend gewees het, ook as vrederegter. Miskien was hy nie 'n eregas nie omdat hy in daardie stadium, 'n baie arm man was.

Hoe dit ook al sy, Nellmapius het vir Sir John Kotze wat saam met Shepstone gereis het, genooi om die volgende aand by hom aan huis deur te bring. Kotze het vir Nellmapius as persoon waardering gehad, asook vir die ete wat 'n Indiërkok vir hulle voorgesit het. In daardie stadium het Nellmapius by New Caledonia gewoon en wel in drie tente onder 'n seil. Hy het twee tente as

60 NAB, Pretoria, SS, vol. 309, R2321/1878: brief, Nellmapius/Koloniale sekretaris, 22 Sept. 1877.
61 NAB, Pretoria, SS, vol. 309, R3608/1878: brief, Koloniale sekretaris/Britse vise-konsul, 8 Okt. 1879.
62 NAB, Pretoria, SS, vol. 309, R4532/1879: brief, J. Thompson/Koloniale sekretaris, 29 Nov. 1879.

slaapkamers gebruik en een as 'n algemene kamer.[63] Dit wys in watter benarde situasie Nellmapius hom toe bevind het.

Crompton was die eerste transportryer wat weer van die roete van die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* na Lourenco Marques gebruik gemaak het om handelsware na die goudvelde te bring. Hy was nie in diens van Nellmapius nie en het in September 1877 veilig met voorrade wat deur swartes gedra is, van Lourenco Marques by Pretoriuskop aangekom.[64] Crompton het ook die ammunisievoorrade wat aan die vorige regering behoort het en by die Krokodil- en Komatirivierstasies gestrand was, na Pretoriuskop gebring. Die voorrade was deur die maatskappy tydens die Sekhukhune-oorlog vanaf Lourenco Marques tot daar gebring. Kaptein Clarke het die vervoer gemagtig en die voorrade is in beheer van die magasynmeester Ivy, te Pelgrimsrus geplaas.[65] Dit het waarskynlik vir Nellmapius aangetoon dat sy maatskappy se roete weer vlot gemaak kon word. Om weer die geboue van die stasies te herstel, stasiemeesters aan te stel, waens en osse in die hande te kry en die verkryging van draers, sou nie oornag kon plaasvind nie en daarom was tyd vir Nellmapius hier van uiterste belang.

## 6.4 NELLMAPIUS BANKROT

In Maart 1878 is Sekhukhune se graantekort aangevul en het gewapende aanvalle weer in die Oos-Transvaal voorgekom. Die aanvalle het die Britse koloniale regering onverhoeds betrap. Die Lydenburgse distrik het feitlik ontvolk geraak as gevolg van die onveilige toestand wat maar nog steeds in die Oos-Transvaal geheers het.[66] Die oorlog sou duur van 5 April 1878 tot 28 November 1879.

Om arbeid op die goudvelde te probeer kry, het Nellmapius saam met van die ander delwers 'n petisie onderteken om aan die regering te stuur wat moes help

---

63 J. Kotze, *Biographical memories and remeniscences*, vol. 1, p.469.
64 *Gold Fields Mercury*, 13 Sept. 1877.
65 NAB, Pretoria, SS, vol. 254, R4365/1877: brief, J. Gunn/Landdros Lydenburg, 2 Jan. 1878.
66 K.W. Smith, "*The Campaigns against the Bapedi of Sekhukhune*, 1877-1879", A. Kieser et al. (reds.), *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, jg. 30, 1967, deel 2, p.16.

om deur die uitreik van lisensies arbeiders vanaf Mosambiek na die diamantvelde in te trek.[67]

Nellmapius se pogings om sy maatskappy weer vlot te maak, het misluk want die Sekhukhune-oorlog wat weer uitgebreek het, het verhoed dat hy enige vordering in die verband kon maak. Op 'n versoek van N. J. R. Swart, tesourier-generaal, om 'n bedrag wat die ZAR aan hom betaal het terug te betaal, het Nellmapius geantwoord dat al wou hy dit ook betaal, hy nie kon nie "because this second Secucouny (sic) disturbance has managed to ruin me a second time ....[68]

Nellmapius het daarna sy pogings om die vervoerstelsel vlot te maak, laat vaar. Nie die regering van die ZAR of die koloniale regering se optrede was sterk genoeg om die onluste in die Oos-Transvaal te beëindig nie. Indien die twee regerings orde en dissipline in die Oos-Transvaal kon handhaaf, het Nellmapius se vervoerskema 'n goeie kans gehad om te kon slaag, want sy beplanning was goed. Nellmapius was in daardie stadium finansieel op sy knieë en hy het 'n tydperk betree waarin dit met hom besonder sleg daaraan toegegaan het. Hy het in sy latere meer suksesvolle lewe verwys na daardie haglike tydperk in sy lewe.[69]

## 6.5 DIE CAPE COMMERCIAL BANK PROBEER OM DIE SKEMA AAN SHEPSTONE TE VERKOOP

Daar is reeds verwys na die botsing tussen die regering van die ZAR en die *Cape Commercial Bank* oor die beslaglegging op die eiendom van die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service*. Die ZAR het hulle aanspraak opgesê ten gunste van die *Cape Commercial Bank*. Die rede was dat die ZAR 'n bedrag van £1 326-4-3½ aan die *Cape Commercial Bank* verskuldig was.[70] Nadat Nellmapius hom van die *Lourenco Marques and South*

67 NAB, Pretoria, SS, vol. 287, R2063/1878: memorie, Delwers goudvelde/Shepstone, 20 Apr. 1878.
68 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Nellmapius/Swart, 12 Jun. 1878.
69 *The Press*, 31 Jul. 1893.
70 NAB, Pretoria, SS, vol. 236, R1883/1877: rekening, Cape Commercial Bank/ Staatsekretaris, 18 Mei 1877.

*African Republic Transport Service* onttrek het, het Turton, wat intussen die hoofbestuurder van al die takke van die *Cape Commercial Bank* in Transvaal geword het en hom in Pretoria gaan vestig het, op 16 Desember 1878 al die bates van die maatskappy aan T. Shepstone te koop aangebied. In die aanbod het hy aan Shepstone verduidelik wat die maatskappy behels het, hoe dit gefunksioneer het en waarom dit tot niet gegaan het.[71]

Turton het aan Shepstone 'n Engelse vertaling van die konsessies van die ZAR en Portugese regering wat aan Nellmapius toegestaan is, gegee. Hy het verduidelik dat Nellmapius na die verkryging van die konsessies 'n maatskappy gevorm het wat vir 'n aanmerklike tydperk goedere en pos tussen Lourenco Marques en die goudvelde vervoer het. Dit het hy gedoen totdat twee van sy stasiemeesters vermoor en sy waens geplunder is. Onder die onveilige toestande was dit onmoontlik om vol te hou met die vervoerstelsel. Die Transvaalse regering sou in die noodtoestande 'n gewapende geleide aan die maatskappy verskaf sodat dié sy werksaamhede kon voortsit. President Burgers het wel aan die landdros van Lydenburg opdrag gegee om 'n gewapende geleide aan Nellmapius tydens die oorlog tussen die ZAR en Sekhukhune te verskaf. Die burgers het egter geweier om so 'n geleide te vorm, waarop die plundering op die roete na Lourenco Marques gevolg het. Terwyl die plundering aan die gang was, het Nellmapius op die maatskappy se rekening so 'n gewapende geleide saamgestel om dit wat nie verniel of gesteel was op die roete en stasies, na die goudvelde te vervoer. Beide die konsessies van die ZAR en Portugese soos deur Nellmapius van hulle verkry, bepaal dat die konsessies weer teruggaan na die onderskeie regerings indien Nellmapius nie die voorwaardes nakom nie, met uitsondering van oorlog of onluste. Albei hierdie konsessies was nou die eiendom van die *Cape Commercial Bank*. Turton het Shepstone daarop gewys dat hierdie maatskappy volgens Artikel 5 van die Portugese konsessie selfs vrygestel was van die invoerbelasting van 3% en 1% volgens wetgewing aan die Portugese regering. Turton het die afstanddoening van die Transvaalse konsessie, oordrag van die plase en

[71] NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Turton/Shepstone, 16 Des. 1878.

afstanddoening van die Portugese konsessie en alle eise op grond daarin vervat, vir die bedrag van £6 500 aan Shepstone aangebied.[72]

Turton het daarop gewys dat die eienaars van die konsessies die monopolie van die handel tussen Lourenco Marques en Transvaal kon verkry. Hy het die aanbod aan Shepstone gemaak omdat hy van mening was dat dit tot die land se voordeel sou wees indien Shepstone dit sou aanvaar. Turton noem dat hy reeds deur 'n verteenwoordiger van 'n ander maatskappy genader is en wel 'n opsie aangebied is om die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* oor te neem. Aangesien Turton reeds by 'n vorige geleentheid met die koloniale sekretaris oor hierdie transaksie gepraat het, het hy dit as sy plig beskou om eers die aanbod aan die regering te maak. Hy het onderneem om aan die regering 'n redelike tyd toe te laat om oor die aanbod te besluit. Hy het ook vir informasiedoeleindes aan Shepstone die sketsplanne van die grond wat in die Portugese konsessiesvervat is, ingesluit.[73] Daar is nie 'n dokument gevind wat aandui dat Turton wel 'n aanbod van 'n ander maatskappy gekry het nie. Hy wou heel waarkynlik net vir Shepstone daarop attent maak dat hy wel mense of instansies het wat belangstel in dit wat hy te koop aanbied.

Shepstone het hierdie aanbod na C. J. Maasdorp, die prokureur-generaal, verwys om sy opinie daaroor te kry. Na deeglike ondersoek het Maasdorp bevind dat die konsessies wat die ZAR in Mei 1875 aan Nellmapius toegestaan het, in orde was. Die regering moes volgens Artikel 10 van die kontrak met die ZAR, bewys dat Nellmapius nie die vereistes wat gestel is, nagekom het nie alvorens hulle aanspraak kon maak op die kansellering van die kontrak. Volgens Artikel 10 is ook bepaal dat indien Nellmapius deur oorlog of onluste verhinder word om uitvoering aan die bepalings van die kontrak te gee, dit nie vir Nellmapius sou penaliseer nie. Indien Shepstone dit in sy agterkop gehad het om buitendien die konsessies te laat verval en dit so gratis te bekom, sou dit deur die regering bewys moes word.[74]

---

72 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Turton/Shepstone, 16 Des. 1878.
73 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Turton/Shepstone, 16 Des. 1878.
74 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Maasdorp/Osborne, 8 Jan. 1879.

In Maart 1879 het Turton 'n skrywe aan die koloniale sekretaris gerig waarin hy meld dat hy geen erkenning van ontvangs van sy brief, gedateer 16 Desember 1878, gekry het nie. Hy versoek dat daar so gou doenlik oor sy aanbod besluit word.[75]

T. Shepstone is in Maart 1879 as administrateur deur O. Lanyon vervang. In April het die Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, Bartle Frere, Transvaal besoek. Turton wat nog geen antwoord van die koloniale regering in Transvaal op sy aanbod ontvang het nie, het by Osborne aanbeveel dat die saak voor Frere moes dien.[76] Turton is weer geïgnoreer, waarop hy 'n afspraak op 29 April 1879 by Frere gekry het. Turton het Osborne daarop versoek om sy brief van 16 Desember 1878, asook die ander dokumente rakende sy aanbod, by Frere beskikbaar te hê wanneer die afspraak sou plaasvind.[77]

Turton moes die nodige impak by Frere gehad het, want na dié afspraak het Frere self oor die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* begin navraag doen. Frere wou van Lanyon weet wat die waarde van die plase en ander voorwaardes van die konsessies was indien die bank se aanbod aanvaar word en navraag moes by die prokureur-generaal gedoen word oor wat die regering se aanspraak kon wees op 'n moontlike vergelyk.[78]

C. G. Maasdorp was van mening dat die regering goeie gronde gehad het om die kontrak gekanselleer te kry. Dit sou egter moeiliker wees om dan op 'n vriendskaplike vlak verder met die bank te onderhandel, want dan sou aan beide kante sekere algemene feite erken word, wat sou beteken dat die wetlike aspekte aan 'n hof voorgelê moes word vir 'n skikking of tot 'n vergelyk en hy was oortuig daarvan dat die feite duidelik betwis sou word. Indien dit egter moontlik was om tot 'n vergelyk sonder 'n hofsaak te kom, sou dit natuurlik verkieslik wees.[79] Die argument hier sou wees, of die *Lourenco Marques and*

---

[75] NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Turton/Koloniale sekretaris, 14 Mrt. 1879.
[76] NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Turton/Osborne, 19 Apr. 1879.
[77] NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Turton/Osborne, 29 Apr. 1879.
[78] NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Frere/Lanyon, 30 Apr. 1879.
[79] NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Maasdorp/Lanyon, 30 Apr. 1879.

*South African Republic Transport Service* misluk het as gevolg van die oorloë teen Sekhukhune of om ander redes, byvoorbeeld finansies of swak organisasie. Frere het vir O. Lanyon opdrag gegee dat hulle met die bank tot 'n vergelyk moes probeer kom. Lanyon het Turton op sy beurt in kennis gestel dat die koloniale sekretaris in die vervolg met die saak sou werk. Lanyon het die saak met Maasdorp bespreek en tot die besluit gekom dat die belangrikste punt waarop die regering moes steun, die feit is dat die weg wel vir 'n tydperk oop was, want kolonel Warren en Ravenscroft het in Mei 1877 langs die roete wat die maatskappy gebruik het na Lourenco Marques gereis en die roete oop gevind. Lanyon was van mening dat die *Cape Commercial Bank* nie hof toe sou wou gaan nie, maar indien hy wel sou gaan moes die regering sorg dat sy saak versigtig opgestel word.[80] Uit bogenoemde blyk dit dat die koloniale regering die maatskappy van Nellmapius en die eiendom wou bekom sonder om dit te koop of ten minste 'n deel daarvan, want hulle het oorweeg om met die bank tot 'n vergelyk te kom. Hulle wou dus van die begin af nie Turton se aanbod om te koop, oorweeg nie.

In Mei 1879 vra die koloniale sekretaris vir Turton om aan hom die dokumente te stuur waarin Nellmapius sy konsessies aan die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* oorgedra het en van dié maatskappy na die *Cape Commercial Bank*. Hy wou ook die bewys hê dat die Portugese regering nog die konsessies wat hy aan Nellmapius toegestaan het, erken. Osborne het dit duidelik gestel dat die koloniale regering deur hierdie navraag, geen verantwoordelikheid in die saak erken nie, daar hy van mening was dat die konsessies verval het omdat Nellmapius nie daarin kon slaag om uitvoering aan die kontrak te gee nie en dit ook nie nagekom het nie.[81]

Turton het daarop die dokumente soos aangevra, in Engels laat vertaal en dit vir die regering gestuur om te bestudeer.[82] Die bewys dat die Portugese regering vir Nellmapius op 2 Oktober 1877 een jaar uitstel gegee het om die skema te voltooi, is ook aangestuur.[83] Turton het ook besluit om 'n lys van redes op te

80 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Lanyon/Osborne, 30 Apr. 1879.
81 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Osborne/Turton, 65 Mei 1879.
82 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Turton/Osborne, 23 Jun. 1879.
83 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Portugese Regeringsekretaris/A. Rapoza, 2 Okt. 1877.

stel waarom die konsessies nog wel van krag was om die regering te oortuig dat die siening dat die konsessies nie meer geldig is nie, verkeerd was. Turton beweer dat alhoewel 'n groot deel van die bevolking van die goudvelde getrek het, hy tog in staat sou wees om beëdigde verklarings te verkry om elke argument wat hy sou aanvoer, te staaf.[84]

Turton het sy saak teenoor die koloniale regering soos volg gestel. Hy beweer dat Nellmapius sy deel van die kontrak nagekom het totdat hy deur oorlog en ander onvoorsiene omstandighede verhoed is om verder met sy aktiwiteite voort te gaan. Artikel 10 van die ooreenkoms met die ZAR het voorsiening gemaak dat waar Nellmapius deur oorlog en/of onluste in sy werksaamhede gekortwiek word, die konsessie nog van krag sou bly.

Nadat Nellmapius met die ZAR die ooreenkoms aangegaan het, het hy gepoog om die roete in werkende toestand te kry. Hy het respektabele persone in beheer by die verskillende stasies geplaas en volgens ooreenkoms die pos gereeld na en van Lourenco Marques vervoer. Alles dui daarop dat die skema 'n sukses sou wees indien daar nie oorlog tussen die ZAR en Sekhukhune sou ontstaan nie.

Verder het Nellmapius 'n versoek aan president Burgers gerig om 'n gewapende geleide beskikbaar te stel om waardevolle vragte handelsware wat artikels soos sigare en alkohol bevat, na die goudvelde te vergesel. Die persone wat aangesê is om die geleide te vorm, het geweier en het huiswaarts gekeer. Die gevolg was dat die maatskappy 'n groot verlies gely het deurdat die waens deur bendes geplunder en beroof is. Twee van die stasiemeesters is vermoor. Hart is in die Transvaalse gebied en Rapoza in die Portugese gebied, vermoor. Daarna was dit onmoontlik om verder betroubare persone te vind wat op hierdie stasies diens sou doen en gevolglik moes die diens opgeskort word.

Turton beweer verder dat indien die maatskappy sou probeer om voort te gaan met die vervoer van handelsartikels en instandhouding van handelstasies by die verskillende stasies, hulle in elk geval nie meer gesteun sou word deur die

[84] NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Turton/Osborne, 7 Mei 1879.

handelaars van die goudvelde nie, aangesien die onveiligheid op die roete 'n te hoë risiko vir mens en eiendom inhou. Om dieselfde rede sou boere ook nie meer die projek steun nie en sou hulle hulle produkte en goedere nie langs hierdie weg vervoer of laat vervoer nie. Hy beweer verder dat die pad tussen Lourenco Marques en die goudvelde buitendien nog nie weer veilig was vandat die Sekhukhune-oorlog in 1876 uitgebreek het nie.[85]

Op 16 Junie 1879 het die koloniale regering in Transvaal 'n omsendbrief na al die landdroste gestuur met die versoek dat hulle moes toesien dat al die vrederegters en veldkornette wat nog nie die eed van getrouheid aan Haar Majesteit afgelê het nie, dit moes doen. Die eed kon in Hollands of Engels afgelê word na die keuse van die amptenaar. Indien enige van die amptenare sou weier om die eed af te lê, moes dit onmiddellik gerapporteer word en 'n aanbeveling moes vir 'n persoon in sy plek gemaak word.[86] Nellmapius was 'n vrederegter in die regering van die ZAR en hy moes hier besluit of hy sy amp wou behou of wou afsien daarvan. Hy het besluit om dit te behou en het die eed van getrouheid aan Haar Majesteit in Engels afgelê[87]. Hy was dus 'n amptenaar in die tydperk van die eerste anneksasie van Transvaal. Hy was ook nog die vise-konsul vir Portugal op die goudvelde.

Nadat Turton teen Oktober 1879 nog geen antwoord op sy betoog en aanbod om die maatskappy aan die koloniale regering te verkoop gekry het nie, het hy 'n beroep op Osborne gedoen om so gou as moontlik 'n definitiewe antwoord te gee[88]. Osborne se verweer waarom hy nog nie geantwoord het nie, was dat hy nog altyd gewag het vir die dokument waarin Nellmapius sy regte op die konsessie wat hy verkry het, oorgedra het aan die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* soos wat hy in Mei aangevra het.[89]

---

85 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Turton/Osborne, 7 Mei 1879.
86 NAB, Pretoria, SS, vol. 9030, R200/1879: omsendbrief, C van Boeschoten/ Landdroste, 16 Jun. 1879.
87 NAB, Pretoria, SS, vol. 353, R2490/1879: brief, Roth/Colonial secretary, 14 Jul. 1879
88 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Turton/Osborne, 15 Okt. 1879.
89 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Osborne/Turton, 17 Okt. 1879.

Hierop het Turton geantwoord dat die enigste bron waarin Nellmapius van sy konsessies ten gunste van die *Lourenco Marques and South African* Republic *Transport Service* afstand gedoen het, was die vennootskap wat hy met Rapoza gesluit het en 'n afskrif hiervan was reeds in besit van Osborne. Indien die regering bereid was om die konsessies te koop, was Nellmapius, wat deeglik daarvan bewus was dat die eiendom van die maatskappy aan die bank behoort het, bereid om die konsessies op 'n wyse oor te dra wat vir die regering aanvaarbaar was.[90]

Die bewys van die oordrag van die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* aan die *Cape Commercial Bank* is deur Osborne aan die prokureur-generaal gestuur om sy opinie betreffende die oordrag te kry.[91]

Maasdorp het die oordrag bestudeer en het verskeie besware daarteen gehad. Volgens die vennootskap wat tussen Nellmapius en Rapoza gesluit is, is bepaal dat onderhandelings van die maatskappy alleen bindend sou wees indien een van die vennote se handtekening sowel as die van die sekretaris van die maatskappy, op die dokument voorkom. Maasdorp se besware daarteen was dat daar geen bewys was dat die persoon wat wel as sekretaris geteken het, wel die sekretaris was nie. Daar was geen bewys dat hy wel aangestel was nie. By onderhandelings waarby die maatskappy betrokke was, sou afgesien van die handtekeninge van een van die vennote en sekretaris, ook gebruik gemaak word van 'n briefhoof van die firma, asook die stempel daarvan. Aan die eis is by die oordrag aan die *Cape Commercial Bank,* ook nie voldoen nie.

Hierdie oordrag aan die bank het ook net voorsiening gemaak dat die eiendom van die maatskappy verpand is aan die bank vir 'n sekere som geld en nie vir die oordrag daarvan na 'n ander persoon of persone nie. Die bank kon dus net op die eiendom van die maatskappy aanspraak maak, maar dit nie sedeer aan iemand anders nie. Maasdorp was buitendien van mening dat die konsessies

---

[90] NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Turton/Osborne, 20 Okt. 1879.
[91] NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Osborne/Prokureur generaal, 23 Okt. 1879.

wat deur die ZAR aan Nellmapius toegestaan is, verval het omdat Nellmapius na sy mening in gebreke gebly het om sy verpligtinge, soos bepaal in die ooreenkoms, na te kom. Hy was ook van mening dat die konsessies wat Nellmapius van die Portugese regering gehad het, verval het, aangesien hulle hom tot 2 Oktober 1878 tyd gegee het om sy skema te voltooi en daar geen bewys was dat hy dit wel gedoen het nie.[92] Osborne het daarop vir Lanyon in kennis gestel dat die aanspraak wat die bank op Nellmapius se eiendom hou, regstegnies nie korrek was nie. Buitendien was die regering in daardie stadium nie in die posisie om 'n paar duisend pond aan so 'n koop te bestee nie.[93]

Op navraag aan die Portugese regering via die Britse konsul in Lourenco Marques of die konsessies aan Nellmapius nog van krag was, is ontkennend geantwoord. Volgens Lanyon was daar ook geen rede waarom Nellmapius in 1877 nie met sy skema kon voortgaan nie. Hy het aanbeveel dat die aanbod van die bank nie aanvaar word nie, maar hy was nie seker of die weiering gemotiveer moes word al dan nie. Hy wou ook weet watter plase aan Nellmapius gegee is en of dit nie teruggeneem kon word nie.[94] Hierdie brief van Lanyon is deur Osborne weer na die prokureur-generaal verwys.[95]

Op 6 Desember 1879 skryf Osborne aan Lanyon dat hy dink die konsessies van Nellmapius verval het en dat hy van mening is dat stappe geneem moes word om die plase wat vir die konsessie uitgereik is, teruggeneem moes word.[96] Lanyon het hiermee saamgestem en navraag laat doen by die registrateur van akte oor watter plase aan Nellmapius, deur die konsessie aan hom toegestaan deur die ZAR, toegewys is.[97] J. Meintjies, die registrateur van akte, het daarop die plase se name, Joubertshoop, Burgershall, Ludwigslust, Coopersdal, Pretoriuskop en Castilhopolis aan die koloniale sekretaris gestuur.[98]

---

92 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Maasdorp/Osborne, 14 Nov. 1879.
93 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Osborne/Lanyon, 15 Nov. 1879.
94 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Lanyon/Osborne, 24 Nov. 1879.
95 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, M. Osborne/Prokureur generaal, 25 Nov. 1879.
96 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Osborne/Lanyon, 6 Des. 1879.
97 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Osborne/Registrateur van Akte, 17 Des. 1879.
98 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Registrateur van Akte/Osbone, 29 Des. 1879.

Maasdorp het aanbeveel dat Turton in kennis gestel moes word dat sy aanbod nie aanvaar word nie, omdat sy aanspraak op die konsessies nie as geldig beskou word nie. Op Osborne se vraag aan Lanyon of hy moes optree soos wat Maasdorp aanbeveel het, het hy bevestigend geantwoord.[99]

Osborne het daarop vir Turton in kennis gestel dat die regering nadat die saak deeglik oorweeg is, besluit het om nie sy aanbod te aanvaar nie. Die regering kon nie die geldigheid van die akte van die konsessies wat deur Nellmapius gehou word en na bewering aan die *Cape Commercial Bank* oorgedra is, erken nie.[100]

Dit is te verstane dat Turton baie ongelukkig gevoel het oor dié antwoord. Sy maandelange argumentasie, moeite en die pogings wat hy aangewend het om die konsessies aan die regering te verkoop, was vrugteloos. Turton het verwys na die onderhandelings oor dié onderwerp tydens Sir Bartle Frere se besoek waar die moontlikheid genoem is dat indien Nellmapius sou toestem "to a certain course which course would be pointed out", 'n ooreenkoms bereik sou word. Omdat Turton dus nog altyd onder die indruk verkeer het dat die regering van plan was om die konsessies te koop, het hy dit maar gelate aanvaar dat die onderhandelings oor genoemde transaksie so lank duur. Toe die regering nou nog boonop sy aanspraak op die konsessies betwyfel, wou hy dadelik van hulle weet op grond waarvan hulle dit betwyfel.[101]

Intussen het Lanyon aan die prokureur-generaal C. J. Maasdorp, gevra watter stappe nodig was om die plase wat volgens konsessie aan Nellmapius gegee is, terug te kry en of stappe geneem kon word om die bank te verhoed om die plase te verkoop.[102]

Maasdorp was van mening dat die regering geregtig was daarop om die plase terug te eis en dat 'n interdik teen die verkoop van hierdie plase verkry moes

---

99 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Lanyon/Osborne, 11 Des. 1879.
100 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Osborne/Turton, 15 Des. 1879.
101 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Turton/H.C. Shepstone, 19 Jan. 1880.
102 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Lanyon/Maasdorp, 18 Jan. 1880.

word.[103] Hierop het Lanyon opdrag gegee dat al die dokumente rakende hierdie saak geskeduleer en aan die prokureur-generaal gestuur moes word sodat hy kon optree soos hy aanbeveel het.[104]

Maasdorp is deur N. Morcom as prokureur-generaal opgevolg en in Maart lewer hy die volgende rapport na aanleiding van die konsessies wat aan Nellmapius toegestaan is.

Morcom het nie met Maasdorp se aanbeveling saamgestem dat die plase teruggetransporteer word aan die regering en dat 'n interdik in die Hoër Hof verkry moes word om Nellmapius daarvan te weerhou om die plase te verkoop nie. Wat die oordrag van die plase aan Nellmapius deur die ZAR betref, was al die voorwaardes gespesifiseer. 'n Interdik kon slegs verkry word indien die regering 'n aksie instel vir 'n beperking op die toekennings. Nellmapius sou wel 'n eis van een of ander aard hê, omdat hy vir 'n tydperk van twaalf maande die transportdiens laat fungeer het. Morcom was ook van mening dat die regering verplig sou wees om te bewys dat nie oorlog of ander onvoorsiene en onvermydelike toevallighede verantwoordelik was vir die mislukking van Nellmapius se poging om 'n transportdiens daar te stel nie. Die regering het buitendien aan Nellmapius tot Junie 1878 uitstel gegee om sy maatskappy weer in bedryf te probeer kry en op 15 Desember 1879 het die regering verklaar dat hy nie die geldigheid van die konsessies aanvaar nie, wat as 'n verskoning kon dien waarom daar niks vanaf daardie datum gedoen is nie. Tussen Junie 1878 en Desember 1879 was toestande in die land ook nie rustig genoeg om 'n gereelde transportdiens tussen Lourenco Marques en Lydenburg daar te stel nie. Morcom toon ook aan dat Turton aangedui het dat hy namens Nellmapius transportaktes op 8 plase hou en slegs 6 plase se name is voorgelê en daarom versoek hy dat duidelikheid van Meintjies, die registrateur van akte, oor die aangeleentheid verkry word. Hy is van mening dat die regering nie met Turton enige korrespondensie oor die aangeleentheid moet voer oor die weiering om die konsessie van hom te koop nie. Vir hom kom dit voor of dit 'n geval is waar 'n krediteur sy bes doen om die beste van 'n twyfelagtige

[103] NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Maasdorp/Lanyon, 21 Jan 1880.
[104] NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Lanyon/Koloniale sekretaris, 22 Jan. 1880.

belegging te wil maak. Morcom het verder aanbeveel dat aangesien die land in daardie stadium rustig was na die Zoeloe- en Sekhukhune-oorloë, Nellmapius versoek moes word om voort te gaan met sy maatskappy se werksaamhede. Nellmapius het alreeds met Lanyon samesprekings gevoer en hy het gesê dat hy nie in 'n posisie was om voort te gaan met die maatskappy nie. Morcom was van mening dat die regering in daardie stadium liewer 'n passiewe as aktiewe rol moes speel.[105]

Meintjies, die registrateur van akte, het daarna die agt plase waarna Morcom verwys het, se name en nommers aan die koloniale sekretaris gestuur en aangetoon dat hy by die vorige gegewens van die 6 plase wat hy verskaf het, van mening was dat die navraag slegs oor die plase was wat op die roete na Lourenco Marques geleë was, want die twee plase wat nou bygevoeg was, was in die Soutpansberg geleë.[106]

Wat die korrespondensie tussen die koloniale regering en Turton oor die moontlike koop en verkoop van Nellmapius se vervoerskema betref, het Lanyon opdrag aan die koloniale sekretaris, George Hudson gegee om Turton in kennis te stel dat hy nie bereid was om enige verdere korrespondensie oor die saak te voer nie.[107] Daarmee was die toutrekkery tussen die koloniale regering en die *Cape Commercial Bank* afgehandel.

Die koloniale regering sou in Desember 1880 te doen kry met die Boeremagte wat om hulle vryheid sou veg en die koloniale regering het niks verder gekom met hulle beplanning om die plase wat in Nellmapius se besit was te bekom nie.

Op 3 Augustus 1881 is die Pretoriase Konvensie gesluit, waar die ZAR weer sy onafhanklikheid van Brittanje verkry het. Vanaf hierdie datum sou die gesprekke oor Nellmapius se maatskappy weer met die ZAR-regering gevoer word.

---

105 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Morcom/Koloniale sekretaris, 9 Mrt. 1880.
106 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Morcom/Hudson, 6 Apr. 1880.
107 NAB, Pretoria, SS, vol. 334, R936/1879: brief, Hudson/Turton, 17 Apr. 1880; BB, SS, vol. 8649, R815/1980: brief, Koloniale sekretaris/Turton, 17 Apr. 1880.

## 6.6 DIE PERMANENTE TOEKENNING VAN DIE AGT PLASE AAN NELLMAPIUS

In 1880 het Nellmapius nog op die goudvelde van die Kaap (Barberton) geprospekteer en hy het ook begin met sy boerdery op die latere Irene landgoed. In 1881 het hy ook reeds begin met die reeks konsessies wat hy van die regering gekry het.

Op 13 Februarie 1883 het Nellmapius 'n skrywe aan die Uitvoerende Raad gerig waarin hy op sekere aspekte van die ooreenkoms wat hy op 18 Mei 1875 met die Transvaalse regering gesluit het, wys. Hy sê dat hy aan die voorskrifte van die ooreenkoms voldoen het, waarop 8 plase aan hom toegeken is en wat nog op sy naam geregistreer is. Hy beweer dat dit goed gegaan het met sy maatskappy en 'n gereelde vervoerdiens is tussen die goudvelde en Lourenco Marques daargestel. Met die uitbreek van die oorlog teen Sekhukhune wou hy al sy stasies ontruim en die artikels en goedere, asook stasiemeesters, na veiligheid bring. President Burgers was bang dat alle ander roetes na Transvaal deur Barkley afgesny sou word en die ZAR daarom sonder ammunisie sou sit. Hy het Nellmapius versoek om die roete na Lourenco Marques oop te hou en belowe dat hy beskerming sou verleen sowel as vergoeding vir alle skade wat hy sou ly.

President Burgers het vir Niekerk met 40 burgers in teenwoordigheid van landdros Cooper opdrag gegee om die roete te beskerm. Soos voorheen vermeld, het die gewapende geleide geweier om te help en na hulle huise gegaan. In plaas daarvan om beskerming te kry, is die stasies en roete oorval, stasiemeesters is vermoor, daar is geroof en geboue is afgebrand. Nellmapius beweer dat hy £33 000 skade gely het. Kort nadat die oorlog met Sekhukhune beëindig is, is Transvaal deur Brittanje geannekseer. Tydens die anneksasie was hy siek in Pelgrimsrus, maar het later vir Frere in Pretoria gaan spreek. Frere was gewillig om Nellmapius vir sy verliese te vergoed, maar hulle kon nie op 'n bedrag besluit nie. Met O. Lanyon kon hy niks uitrig nie, want hulle twee het nie langs dieselfde vuur gesit nie.

In daardie stadium gebruik die regering sy roete soos toe dit in werking was tydens die bestaan van die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service*. Hy was oortuig daarvan dat hy aan die vereistes soos bepaal in die kontrak van 18 Mei 1875, voldoen het en hy versoek die regering daarom om die registrateur van akte in kennis te stel dat die 8 plase aan hom behoort en dat hy daarmee kon handel na goeddunke.[108]

Die Uitvoerende Raad het die billikheid van hierdie versoek van Nellmapius ingesien, hom onthef van sy ooreenkoms met die regering van 18 Mei 1875 en aan hom die 8 plase toegeken.[109] Die registrateur van akte is dienooreenkomstig in kennis gestel dat die agt plase onvoorwaardelik die eiendom van Nellmapius was.[110]

Nellmapius was verheug oor die besluit en het 'n brief in die regeringskantoor geskryf waarin hy die regering vrywaar van enige skadevergoeding wat hy gely het tydens die oorlog teen Sekhukhune.[111] Volgens Artikel 896 van die Volksraadbesluit van 24 Julie 1883, sou Nellmapius egter nie die reg hê op minerale wat op die plase gevind mag word nie en daar is ook 'n serwituut uitgehou ingeval die beplande spoorlyn na Lourenco Marques oor een van die plase sou gaan.[112]

Dit is duidelik dat Nellmapius hard probeer het om die *Lourenco Marques and South African Republic Transport Service* te laat slaag. Deur die plase aan hom toe te ken, het die regering erken dat hy wel sy kontrak soos bepaal op 18 Mei 1875, nagekom het.

Die *Cape Commercial Bank* het sy verband op die agt plase wat by die vervoermaatskappy betrokke was, behou en tot en met die dood van Nellmapius in 1893 het die *Cape Commercial Bank* sy finansiële sake hanteer. Die plase

---

108 NAB, Pretoria, SS, vol. 814, R2304/1883: brief, Nellmapius/Vise President ZAR en UR, 13 Feb. 1883.
109 NAB, Pretoria, Argief van die sekretaris van die Uitvoerende Raad van die ZAR (UR), vol. 6, 14 Feb. 1883.
110 NAB, Pretoria, SS, vol. 777, R447/1883, brief, E. Bok/Registrateur van Akte, 15 Feb. 1883.
111 NAB, Pretoria, SS, vol. 814, R2304/1883: verklaring Regeringskantoor, 14 Feb. 1883.
112 NAB, Pretoria, SS, vol. 814, R2304/1883: Volksraadbesluit, artikel 896, 24 Jul. 1883.

was egter so onderverdeel as gevolg van die verbande wat daarop uitgeneem is, dat Nellmapius by sy afsterwe die helfte van een derde van elk van hierdie plase besit het.[113]

Na die reeds genoemde moeilike tydperk wat Nellmapius in die Oos-Transvaal deurgemaak het, het hy hom te Hatherly, naby Pretoria in vennootskap met Robert Cottle Green verbind, waar hy sy grootste liefde, naamlik boerdery beoefen het. Alhoewel Nellmapius die res van sy lewe in en om Pretoria gewoon het, het hy hom nooit heeltemal van die Oos-Transvaal losgemaak nie. Hy het sporadies in die Lydenburgse distrik geprospekteer. Met sy afsterwe het hy baie grond besit in die distrik waar hy as immigrant kom nes skrop het.[114]

'n Karaktereienskap van Nellmapius was dat hy baie eiendom besit het, maar altyd 'n gebrek aan kapitaal gehad het. Nellmapius het Transvaal as sy nuwe vaderland aanvaar en het dwarsdeur sy lewe 'n onwrikbare vertroue in die toekoms van die Transvaal gehad.

Die waarde van die poging wat hy aangewend het om Lourenco Marques met die goudvelde te verbind, kan skaars genoeg beklemtoon word. Hy het ingesien dat die spoorverbinding tussen die twee gebiede nog lank sou neem om te voltooi en daarom het hy 'n poging aangewend om 'n waardevolle diens te lewer. Die oorloë teen Sekhukhune het egter 'n beduidende rol gespeel om die *Lourenco Marques and South African Transport Service* te laat misluk.

---

113 NAB, Pretoria, argief Landdros Lydenburg, SS, vol. 66, register van plase, nr. 1-750.
114 NAB, Pretoria, argief Landdros Lydenburg, SS, vol. 76, register van plase, nr. 751-1481.